



Memorandum - Week 7

Vra 'n volwassene om jou werk vir jou na te sien of om dit saam met jou deur te gaan. Bl. 95



Ons skryf

Waar dink jy kom hierdie gedeelte vandaan? Maak 'n regmerkies langs die antwoord wat jy kies.

'n Koerant	'n Storieboek	✓	Die tydskrif <i>National Geographic for Children</i>
------------	---------------	---	--

Waarom proe die bye aan jou koeldrank? Gepaste antwoord, bv. Die soetheid van die koeldrank lok die bye.

Waarom vlieg die bye na die korf toe terug? Hy gaan vertel wat hy gekry het.

Wat doen die ander bye om te kyk of hulle hou van die kos wat die werkerbye gekry het? Hulle ruik met hul antennes aan die bye se lyfie.

Ken jy die uitdrukking "so besig soos 'n bye"? Ken jy ander uitdrukkings wat met bye of heuning te doen het? Skryf dit neer. Hier is 'n paar voorbeelde:

Iemand heuning om die mond smeer — iemand vlei. Jy steek jou kop in 'n bynes – raak betrokke by iets wat moeilikheid kan bring. Soeter as heuning – baie soet. Heuning op die tong hê – vol mooipraatjies wees.



Ons skryf

Kies in elke ry 'n woord wat dieselfde as die eerste woord beteken. Sommige van die woorde in die ry beteken byna dieselfde. Kies die beste woord.

Skryf die vetgedrukte woorde en die woorde wat dieselfde beteken (sinonime) in jou persoonlike woordeboek.

antennes	pote	ontvanger	voelers ✓	lugdrade
korf	swerm	bynes	heuningkoek	skuiling ✓
werker	eter	rower	voersoeker	kossoeker ✓



Ons skryf

Hierdie sinne is opgebreek in drie dele wat deurmekaargeskommel is. Kies die dele wat by mekaar pas.

- 1 Bye
- 2 Die leerder
- 3 Party kinders
- 4 My juffrou

- 2 sal kyk na
- 4 sal haar heuningbroodjie
- 3 het probeer om heuning
- 1 het gezoem

- 1 in hulle korf.
- 4 geniet.
- 3 uit die korf te haal.
- 2 'n TV-reeks oor bye.

Onthou watter dele ons in sinne kry. Die onderwerp doen die werk, die gesegde is die werkdeel in die sin en die voorwerp



Ons skryf

Skryf hierdie sinne in die lydende (passiewe) vorm oor.


Die bye het die meisie gesteek.

Die meisie **is** deur die bye gesteek.

Die bye het heuning gemaak.

Heuning **is** deur bye gemaak. (Gebruik **is**, want die sinne is in die verlede tyd.) Die voorbeeldsin is teenwoordige tyd, daarom gebruik ons **word**.


is die deel wat vir ons sê wie of wat die handeling ondergaan. 'n Sin is in die **bedrywende (aktiewe)** vorm geskryf wanneer die onderwerp van die sin die aksie in die sin uitvoer, bv. Die meisie bad die kind. 'n Sin is in die **lydende (passiewe)** vorm geskryf wanneer die voorwerp aan die begin van die sin staan en die aksie deur iemand anders op die voorwerp uitgevoer word, bv. Die kind word deur die meisie gebad.



Memorandum - Week 7

Bl. 96

Kom ons maak 'n heuningtoebroodjie	
5	Sny die toebroodjie in die helfte deur.
6	Eet dit so gou moontlik.
3	Drup 'n bietjie heuning op die gebotterde brood.
4	Plaas die ongebotterde sny brood bo-op die ander een.
2	Gebruik 'n bottermessie om botter op die een sny brood te smeer.
1	Neem twee snye brood.



Bl. 97

lees

5 Hierdie bye versamel nektar vir heuning. Hulle dans op die heuningkoek om die ander bye te wys waar die beste blomme is. Heuningbye mag tot 20 000 km ver vlieg om genoeg nektar vir 500 g heuning te versamel.

3 Die heuningby is heldergeel en oranje. Hy is 12 mm lank en het ses pote. Die by se lyf bestaan uit drie dele.

1 Die heuningby

4 Hierdie insek kom oral in Suid-Afrika voor.

2 Die heuningby is 'n insek.

6 Die meeste mense hou van die heuning waaraan die bye so hard werk.

Maak seker dat jy die sinne in die regte volgorde geskryf het en reg gespel het.

Memorandum - Week 7



Ons skryf

Dink jy die kangaroo het 'n vreemde voorkoms? Waarom sê jy so?

Eie antwoord, bv. Ja, want sy voorpote is baie klein/hulle hop i.p.v. hardloop.

Op watter manier verskil die kangaroo se tande van joune?

Hul voortande val uit elke keer as dit afgeslyt het en dan skuif die volgende paar vorentoe.

Ons wissel net eenkeer wanneer ons ongeveer 6 jaar oud is.

Hoe beweeg die kangaroo?

Hulle hop.

Dink jy kangaroos is goeie moeders? Waarom sê jy so?

Eie antwoord, bv. Ja, hulle dra hul babas oral saam met hulle totdat hy klaar ontwikkel het en vir homself kan sorg.

Hoe vinnig kan 'n kangaroo hop?

Hy kan teen 60 of 70 km per uur hop.

Wat word 'n babakangaroetjie in Engels genoem?

'n Joey

Waarom het die ma 'n buidel?

Die pasgebore kangaroo word in die buidel versorg en beskerm tot hy vir homself kan sorg.

Hoe lank bly die kangaroetjie in die ma se buidel?

Meer as 6 maande.



Ons skryf

Kies in elke ry die woord wat dieselfde as die eerste, vetgedrukte woord beteken. Skryf die vetgedrukte woorde in jou persoonlike woordeboek.

vreemd	snaaks	skaars	eienaardig ✓	oulik
buidel	beursie	drasak ✓	tas	koffer
fassinerend	eienaardig	betowerend ✓	aantreklik	boeiend ✓
ontwikkel	groei ✓	uitbrei	ver groot	rek



Ons skryf

Verander hierdie sinne in vrae. Begin elke vraag met die woord tussen hakies. Moenie die vraagteken vergeet nie.

(Voorbeeld)

Kangaroos kom net in Australië voor. (**Kom**) **Kom** kangaroos net in Australië voor?

Kangaroos eet gras, bessies en neute. (**Wat**)

Eet kangaroos gras, bessies en neute?

Kangaroos spring tot drie meter hoog. (**Hoe**)

Spring kangaroos tot drie meter hoog?

Memorandum - Week 7

Bl. 100



Ons skryf

Gebruik die inligting in die raam om 'n feitelike paragraaf oor die kangaroo te skryf.

Eie paragraaf, bv.


Die kangaroo

Die kangaroo kan bruin, geelbruin of grys wees.

Hy kan van 0,6 tot 1,5 meter hoog word en tot 55 kilometer per uur hardloop.

Sy gunstelingkos is gras en hy weeg enige iets van 18 tot 95 kilogram.

Naam:	kangaroo
Hoogte:	0,6-1,5 m
Gewig:	18-95 kg
Topspoed:	55 km/h
Lewensverwagting:	9-20 jaar
Kleur:	bruin, geelbruin, grys
Gunstelingkos:	gras



+ Gebruik 'n gehouekaart om jou te help om jou skryfstuk te beplan. + Skryf dit eers op rofwerkpapier. + Sit 'n maël om dit vir jou te korrigeer. + Plaas jou teks en bring die nodige korreksies aan. + Skryf dit dan netjies in jou boek oor.

Week 8

Maandag, 13 Julie 2020 GW

Departementele boek: Pret met ritme Bl. 104

Skryf die datum in die pers strook op bl. 104: 13/7/2020 GW

Lees elke gedig 'n paar keer. Lees ook die blokkie wat met die groen knypertjie vasgeknyp is. **Onthou jy nog wat rym is?** Dit is die laaste woorde van 'n versreël (lyntjie van 'n gedig) wat dieselfde klink.

Onthou jy nog wat rympatroon is? Dit is die patroon van rym in 'n strofe (versie).

In die blokkie staan dat die **rympatroon** van 'n limiriek **aabba** is. Kyk nou na die limirieke se laaste woorde en kyk of jy die rympatroon kan raaksien. Maak seker dat jy dit verstaan.

Lees die limiriek in Platinum op bl. 80. Sien jy die rympatroon?

Beantwoord nou die vrae op bl. 104 en leer hierdie eienskappe. Wat beteken humoristies? Kan jy aan 'n ander woord dink wat dieselfde beteken?

Eienskappe van 'n limiriek:

- rym: a a b b a
- bestaan uit 5 reëls
- is humoristies



Week 8

Dinsdag, 14 Julie 2020 GW

Departementele boek: Pret met ritme Bl. 105

Skryf die datum in die wit blokkie op bl. 105: 14/7/2020 GW

Lees weer die limirieke en beantwoord die vrae op bl. 105

Jy hoef net die boonste helfte te doen.

Lees hierdie gedeelte:

Een van die dinge wat ons doen wanneer ons 'n gedig ontleed, is om die ritme van die gedig te bepaal. Dit is heel maklik. Lees die gedig hardop voor, en luister na die lettergrepe wat jy beklemtoon. Sommige lettergrepe word beklemtoon en ander nie. Hier is 'n voorbeeld, waarin ons die lettergrepe wat beklemtoon word, met 'n ✓ gemerk het, en die lettergrepe wat nie beklemtoon word nie, met 'n X.

Voorbeeld: O koud is die windjie en skraal.

Week 8

Woensdag, 15 Julie 2020 GW

Departementele boek: Meer oor rym Bl. 106



Skryf die datum in die pers strook op bl. 106: 15/7/2020 GW

Kyk mooi wat jy elke keer moet doen. 'n Wenk: Probeer rymwoorde kies wat pas, want jy moet sinne maak. Juffrou sou dus liever bang by slang sit as sang, want ek kan makliker 'n sin maak met bang en slang as met sang en slang, bv. In die grassies skuil 'n slang, dit maak my 'n bietjie bang.

Wanneer jy by hierdie gedeelte kom, kan jy die vergelyking skryf en dan die betekenis. (wenk: so ___ soos 'n ___ en by die laaste een: so ___ soos die ___)

Maak drie van jou eie vergelykings op en sê wat hulle beteken. Gebruik hierdie pare woorde in jou vergelykings.

trots en pui

difvellig en renoster

oud en berge

Week 8

Donderdag, 16 Julie 2020 GW

Departementele boek: Meer oor rym Bl. 107

Skryf die datum in die wit blokkie op bl. 107: 16/7/2020 GW

Lees hierdie gedeelte. Kan jy die fout raaksien? Wenk: 2de paragraaf, gekleurde gedeelte...

Antwoord: Die rympatroon word met kleinletters aangedui, bv. abab / aabb



Sommige gedigte rym en ander rym nie. Gedigte wat rym, het rympatrone. Daar is 'n spesiale manier waarop ons kan wys watter reëls in 'n gedig met mekaar rym.

Plaas 'n **A** ná die eerste reël. Indien die woord aan die einde van die volgende reël met die woord aan die einde van die eerste reël rym, skryf weer 'n **A**. Wanneer jy kom by 'n woord wat nie daarmee rym nie, skryf 'n **B**. Lees hierdie limeriek en beantwoord dan die vrae:

Doen nou die res van die bladsy.

Week 8

Vrydag, 17 Julie 2020 GW

Departementele boek: Nog digkuns Bl. 108, 109

Skryf die datum in die wit blokkie op bl. 109: 17/7/2020 GW

Die boek sê jy moet dit in jou groep doen. Ongelukkig kan jy dit nie so doen nie. Jy kan 'n grootmens vra om jou te help.

Bestudeer die gelerige blokkie op bl. 109. Dit beteken jy moet dit met aandag lees sodat jy weet wat elkeen is. Probeer om uit jou kop te sê wat 'n metafoor, vergelyking en personifikasie is.

Heel onder op bl. 109 staan dat jy jou eie gedig moet skryf waar jy personifikasie gebruik. Jy kan dit op los papier doen. Indien jy sukkel om 'n gedig te skryf, kan jy 'n paar sinne skryf, bv. Die dogtertjie se skooltas dans oor die klippe. Kan jy in jou verbeelding sien hoe die skooltas oor die klipperige sypaadjie hop?



Jy is klaar vir die week!